# Die verwysing van *hupèr eléous* in Romeine 15: 9

**E Engelbrecht**

**Abstract**

**The reference of *hupèr eléous in Romans 15: 9***

The question of how *hupèr eléous* is to be understood in Romans 15: 9 is answered with two presuppositions in mind. The letter to the Romans is understood as a paranetic reminder which culminates in 15: 7–13. Furthermore it is argued that the context of this passage is the letter itself rather than a Pauline theology. The microstructure of the term is investigated to determine the resiprocal interrelationship between the term and its immediate neighbourhood. These results are used to control the presuppositions relating to the macro-context. The term *hupèr eléous* functions within the idea that Christ's acceptance of the congregation is coordinated by God's truthfulness towards Israel and his mercy towards the gentiles. This mercy of God is a new and surprising act of God, but since this mercy of God is Christ's acceptance of the gentiles, it is related to God's truthfulness to Israel which was manifested in Christ's confirmation of the promises given to the patriarchs. This has implications for the interrelationship between the church and the Jews.

## 1. DOELSTELLING

Die oogmerk met hierdie artikel is beskeie. 'n Antwoord word gesoek op die vraag hoe *hupèr eléous* in Romeine 15: 9 verstaan moet word. Die onmiddellike omgewing van die woord het egter meegebring dat vrae wat dwarsdeur die brief ter sprake kom, die woord *eléous* medebepaal. In 15: 9 is die woord baie nou verbind aan 'die heidene'. 'Die heidene' word op hulle beurt as nuwe onderwerp in die redevoering ingetrek om 'die vaders' te vervang as fokuspunt. Hiermee kom ook Israel rondom *eléous* ter sprake. 'Israel' en 'die heidene' bring op hulle beurt talle ander gedeeltes in die brief ter sprake. Uiteindelik het 'n mens dus te staan gekom voor die interpretasie van die struktuur van die Romeinebrief. Hoe die makrostruktuur van die Romeinebrief verstaan moet word, is steeds 'n onopgeloste probleem vir die navorsing (Boers 1982: 1; vgl Käsemann 1972: 109). 'n Beskeie oogmerk het meteens 'n vraag geword wat moeilik binne die bestek van 'n artikel beantwoord kan word!

## 2. VOORONDERSTELLINGS

Omdat die omgewing van die frase *hupèr eléous* ons na die makrostruktuur van die brief gedwing het, sal daar eers na die vooronderstellings rondom die struktuur van die brief gekyk moet word.

### 2.1 Die struktuur van die Romeinebrief

Die brief word dikwels verstaan (Boers 1981: 1) as 'n verhandeling oor die regverdiging deur geloof. Hiermee is natuurlik ook al klaar 'n uitspraak oor Paulus as 'n outeur gemaak. Hy word implisiet beskou as 'n sistematiese teoloog wat verskeie leerstukke omvattend in hulle betreklike verband daarstel. So bevat die Romeinebrief vir Wilckens (1978: 15) die sentrale inhoud van die evangelie wat Paulus aan die Romeinse Christene voorlê. Die tema van hierdie sentrale voorlegging is dan 'die geregtigheid van God vir elkeen wat glo'. Paulus stel hom deur die brief aan die gemeente voor en vrae op aktuele probleme van die gemeente staan nie op die voorgrond nie.

Boers (1981: 1) het tereg daarop gewys dat indien die geregtigheid deur die geloof as sentrale tema gesien word, groot gedeeltes van die brief verband met die res verloor. E P Sanders (1977: 439) het daarop gewys dat reeds Schweitzer gestel het dat die regverdiging deur die geloof nie sentraal in Paulus se denke kon staan nie, omdat die tema geen beduidende verband met baie ander temas van Paulus het nie.

Die brief het vir Dahl (1951) en Dodd (1959) 'n kompendiumstruktuur en selfs Wilckens (1978: 21) wat die eenheid van struktuur rondom die tema 'die geregtigheid van God vir elkeen wat glo', beklemtoon, sien die paranetiese gedeeltes vanaf hoofstuk 12 as 'n redelike selfstandige tweede gedeelte.

Dit word deesdae (Boers 1981: 2) al hoe duideliker dat semantiese dieptestrukture of makrostrukture ook 'n bydrae lewer as onderliggende komponent van betekenis tot die keuse van woorde, sintaktiese struktuur en redevoeringe. Snyman (1984: 95) het aangetoon hoe elemente van die makrovlak van retoriese struktuur hulle bydrae tot betekenis lewer. Die belangrikheid van hierdie insig kan moeilik oorskat word. En tog skuil hier ook 'n gevaar! Die gevaar is wesenlik om hier in 'n sirkel ingetrek te word. Makrostruktuur gee betekenis aan elemente op die oppervlak en hierdie elemente word op hulle beurt weer aanduiding van die dieptestruktuur. Hierdie gevaar kan drasties verminder word as die betekenis wat aan elemente toegeken word, telkens vanuit

'n ietwat nouer konteks èn hulle onmiddellike omgewing gekontroleer word.

'n Verdere vraag rondom die makrostruktuur van die Romeinebrief is of ons Paulus hier moet sien as teoloog by uitnemendheid, of as sendeling en man van die praktiese godsdiens. Daar is 'n tendens in die resente Paulus-navorsing waar Paulus eerder as praktiese sendeling verstaan word (Räisänen 1983: 2 vv, 267; Guthrie 1981: 386). Tog is dit nie nodig om Paulus van die grootpad en Paulus die teoloog teenoor mekaar te stel by die vasstelling van vooronderstellings oor die makrostruktuur van die Romeinebrief nie. Indien Paulus met die skryf van die Romeinebrief eerder 'n pastorale oogmerk gehad het, sluit dit nie uit dat hy teologies samehangend gedink het nie.

Boers (1982) het oortuigend aangetoon dat Romeine 15: 7—13 die paranetiese hoogtepunt van Paulus se redevoering is en dat hy bewustelik na hierdie hoogtepunt toe geredeneer het. Vanuit hierdie vooronderstelling word die teenstellende of selfs teensprekende standpunte wat Paulus oor die besnydenis in Romeine en Galasiërs handhaaf, verklaar (Boers 1982: 5). Hierdie verskynsel word net so goed verklaar vanuit die vooronderstelling dat Paulus se eintlike oogmerk paraneties-pastoraal is. Dit is nie nodig om te stel dat Paulus inkonsekwent dink of dat sy radikale vroeëre standpunt deur sy sendingondervinding getemper is nie (vgl Boers 1982: 5). Die konsekwentheid waarmee Paulus teologiese gedagtes en begrippe in die Romeinebrief gebruik, en hulle samehang, plaas egter 'n vraagteken agter Räinsänen (1983: 3) se tese dat Paulus nie soseer logies-sluitend redeneer nie, maar eerder intuïtief vanuit 'n lang onproblematiese praksis.

Die vooronderstelling waaruit hierdie studie gedoen word, is dat Paulus veral 'n paraneties-pastorale oogmerk met sy skrywe aan die gemeente in Rome gehad het. Dit sluit egter nie uit dat hy die vrae byvoorbeeld rondom Jode en heidene in dié brief konsekwent beantwoord nie. Sy konsekwente en samehangende teologiese denke word verder duidelik uit die verskynsel dat sy betoog in die Romeinebrief nóú gekoppel is aan figure uit die ou verbond (Barrett 1962: 5), en verder aan 'n antitetiese tipologie tussen Adam en Christus (Barrett 1962: 20 vv) en die belangrike plek wat geloof dwarsdeur die brief inneem. Die vooronderstelling by die lees van die Romeinebrief is dus dat die makrostruktuur 'n samehangende eenheid is, juis vanweë Paulus se pastorale oogmerk.

Die Romeinebrief moet dus nie eintlik in die lig van 'n Pauliniese teologie, wat uit al sy werk afgelei is, verstaan word nie. Paulus was nie

in dié sin 'n sistematiese teoloog nie. Die konteks van die Romeinebrief is nie die Pauliniese teologie nie, maar dié brief self: Paulus se teologie is ook sy bemoeienis om 'n antwoord te gee op die omstandighede van verskillende gemeentes. Dié omstandighede en Paulus se antwoord op hierdie omstandighede word in elke brief weerspieël (vgl Sanders 1977: 433).

Die begrip ontferming is 'n sterk aanduiding dat Paulus binne die Romeinebrief samehangend gedink het. Hy gebruik die stam *ele-* in 'n konsekwente verwysingsraamwerk. Dit word veral duidelik as hy die begrip ontferming dikwels met dieselfde motiewe vervleg.

Wanneer die woordprofiel van die stam *ele-* in die Paulusbriewe getrek word, is dit opvallend dat dié stam net in die Romeinebrief 'n beduidende rol speel. Hierdie feit is 'n aanduiding dat Paulus met dié stam 'n besondere oogmerk in die Romeinebrief gehad het. Dit is verder 'n aanduiding dat 'n ondersoek na Paulus se teologie, begrippe wat in verskillende Paulusbriewe voorkom, nie sonder noukeurige aandag aan die dieptestruktuur wat hulle in elke geval dra, aaneen kan ryg nie (vgl Boers 1982: 10).

Die tendens wat sterk by baie navorsers na vore tree, byvoorbeeld Stuhlmacher (1966), om vanuit die vooronderstelling van 'n sistematiese Paulus-teologie begrippe te verklaar, word bevraagteken. In hierdie geval word daar te min aandag gegee aan die wisselwerking tussen die dieptestruktuur van 'n besondere brief en die begrippe wat in dié brief benut word (vgl Güttgemanns 1971: 78).

## 2.2 Mikrostruktuur en verwysing

Die vraag na die omskrywing van begrippe in die verband van hulle makrostruktuur lei verder tot die vraag na die betekenis van die mikrostruktuur vir begripomskrywing. Die vooronderstelling van waaruit in hierdie studie uitgegaan word, is dat die teks in mikroverband 'n vervlegtheid is waarin woorde mekaar se betekenis resiprook bepaal. Ook op die mikrovlak bepaal die elemente van 'n teks mekaar se verwysing oor en weer en kan die verwysing van een woord of element alleen bepaal word as al die elemente in die mikroteks meespreek in hierdie bepaling. Daar sal voortdurend egter in gedagte gehou word dat ook die 'ander' elemente op hulle beurt in resiproke verhouding tot die woord of element onder bespreking staan (vgl Güttgemanns 1971: 88). Daar sal egter ook verder in gedagte gehou moet word dat die mikroteks op sy beurt vervleg is met die dieptestruktuur van die ma-

kroteks. In hierdie studie word van die vooronderstelling uitgegaan dat die makrokonteks waarmee rekening gehou moet word, nie die Paulusteologie is nie, maar die besondere brief waarin 'n teks voorkom.

## 3. DIE STAM *ELE-* IN ROMEINE

Wanneer 'n woordprofiel van dié stam in die Romeinebrief getrek word, is dit duidelik dat die stam *ele-* in hoofstukke 9 en 11 saamgebondel is. Dit laat al dadelik die vermoede ontstaan dat dié stam hier as begrip uitgebou is. Hierdie vermoede word 'n sterk waarskynlikheid as dié stam in hierdie gedeeltes 'n dominante rol speel om die verhouding tussen Jode, heidene en die kerk te bepaal.

### 3.1 Jode, heidene en kerk vanuit die perspektief van die begrip ontferming

Word daar na Jode, heidene en kerk vanuit die perspektief van die begrip ontferming gekyk, speel veral een gedagte 'n dominante rol en dit is dat God op grond van sy ontferming vir Hom 'n volk uit die Jode en die heidene roep (9: 15, 16; 9: 23; 11: 30, 31, 32). God se ontferming speel verder 'n sterk rol in die heilshistoriese verloop (vgl Michel 1963: 246, 282) van God se genadewerk, waarin Israel 'n besondere eerste plek beklee (11: 28–32). Die term heilshistories is bruikbaar om hierdie eers en dan van God se genade uit te druk. Dit word egter onbruikbaar as die 'eers en dan' as koördinate gesien word waarmee die lyn van God se dade getrek kan word sodat elke heilshistoriese vraag se oplossing onproblematies op dié lyn afgelees kan word (vgl Barrett 1962: 4; Käsemann 1972: 112 v). God se oordele bly ondeurgrondelik en sy weë onnaspeurlik (11: 33)!

In Romeine 9–11 is die begrip ontferming altyd nou verbind met die kerk, die Jode en die heidene. Watter rol speel ontferming in hierdie verband? In die eerste plek maak die begrip dit duidelik dat God Hom ontferm het toe Hy sy kerk geroep het. Verder word dit vanuit die perspektief van die begrip ontferming duidelik dat God nie net Jode nie, maar ook heidene tot sy kerk geroep het (9: 23 v). As Paulus sê dat God 'almal aan die ongehoorsaamheid oorgee, sodat Hy Hom oor almal kan ontferm' (11: 32), speel die eerste twee hoofstukke van die brief nog altyd 'n belangrike rol. As Paulus sê 'almal' bedoel hy dat God Hom nie net oor sy volk ontferm nie, maar ook oor die heidene. Vanuit die

begrip ontferming word nog 'n verdere aspek van Paulus se boodskap oor die kerk beklemtoon. 'As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie' (11: 29). Paulus se volgorde in 1: 16 'in die eerste plek vir die Jood, maar ook vir die nie-Jood', ontvang ook vanuit die begrip ontferming reliëf. Die ongehoorsaamheid van die Jode het tot ontferming oor die kerk gelei. Die ontferming oor die kerk lei weer tot ontferming oor die Jode (11: 30–32). Jode en heidene word dus te midde van 'n 'eers' en 'dan ook' deur God se ontferming tot 'n eenheid, die kerk, saamgebind. Die hoogtepunt van Paulus se vraag 'wat gaan van die Jode word?', loop in hoofstukke 9–11 nie soseer uit op die beantwoording van dié vraag nie, maar op die eenheid van die gemeente wat deur God se ontferming geroep is.

### 3.2 *Dóxa, doxázō* en *éleos* in Romeine 9–11

Dit is opmerklik dat *dóxa* en *doxázō* op die oppervlakte van die Romeineteks dikwels saam met die stam *ele-* figureer (9: 23; 11: 30–36; 15: 7–9). Alhoewel ontferm in 9: 15, 16 nie direk met *doxázō* verbind is nie, figureer die 'bekend word van God se Naam oor die hele wêreld', hier ook nóú saam met ontferm. *Doxázō* funksioneer hier dus versonke. Hierdie verbinding van *dóxa* en *éleos* is ook saaklik (Michel 1963: 245). Ontferming en *dóxa* is in die eerste plek verbind deurdat God se *dóxa* die grond vir sy ontferming is. *Dóxa* verwys hier (9: 23) na God se mag en is byna parallel aan *dúnamis* (vgl 9: 17; 9: 22). Die *dóxa* van God is in die konteks van laasgenoemde twee verse God se mag waardeur Hy Hom ontferm (vgl 9: 18!). Beter gestel, dit verwys na God se vrymagtigheid om Hom te ontferm oor wie Hy wil en waardeur Hy Hom inderdaad ontferm het (9: 18; 9: 23 v!). *Dóxa* verwys na God se soewereiniteit (vgl Jes 3: 8; 6, 3) waardeur Hy Hom ontferm oor wie Hy wil. Die verband van 9: 23 bring mee dat *dóxa* se aspektiese skakering eerder funksioneel as staties is. Romeine 9: 22, 23 verloop parallel. God self maak sy mag bekend, en hierdie bekendmaking hou verband met sy toorn.

So maak Hy self ook sy *dóxa* bekend, en hierdie bekendmaking hou verband met sy ontferming. Omdat God se mag en sy *dóxa* hier funksioneel optree (vgl Ps 79: 9; Ps 115: 1; Jes 42: 8; Jer 2: 11; Ps 106: 20), loop dit wat God se mag betref, uit op vernietiging en wat sy *dóxa* betref, uit op eer. God se ontferming is egter nie net verbind aan sy funksionele soewereiniteit nie. In die tweede plek is die begrip ont-

ferming ook verbind aan die lof en eer wat aan God gebring word. Hierdie soewereine ontferming van God loop in 11: 33 vv uit op God se verheerliking en lof (vgl 9: 17). *Dóxazō* verwys in die Romeinebrief na die erkenning van God se soewereine ontferming.

Die noue verband tussen die begrip ontferming en die erkenning van God se soewereine ontferming deur die kerk bevestig Käsemann se stelling dat Paulus die geskenkkarakter sowel as die magkarakter van God se geregtigheid beklemtoon. Die geskenk kan, volgens Käsemann, nooit van die Gewer geskei word nie; die geskenk deel in God se mag, omdat God in die geskenk op die toneel tree (Käsemann: 1961: 371; Käsemann 1972: 137 v). Omdat God in sy soewereine volmag deur sy ontferming op die toneel getree het, kan die gemeente nie anders as om God se mag te erken en Hom te loof nie.

Samevattend: Ontferming funksioneer in die gedeeltes waar die stam *ele-* se frekwensie hoog is, dikwels saam met die motiewe Israel, die kerk, Jode en heidene, God se mag en soewereiniteit, God se oordeel en ontferming en die lof en eer wat aan Hom gebring word. Die bindfaktore van hierdie motiewe is die begrippe ontferming, God se soewereiniteit (*dóxa*) en lofprysing van God (*doxázō*).

### 3.2.1 Die struktuur van Romeine 9—11

Wanneer daar selfs net aan Romeine 9—11 geroer word, sal kernvrae van die Romeinebrief se teologie ter sprake kom (vgl De Villiers 1982: 199). Eintlik wil hierdie paragraaf 'slegs' aandag gee aan die semantiese dieptestruktuur van hoofstukke 9—11. Die gedeelte se verbondenheid met die res van die brief sal egter die breër struktuur telkens onvermydelik ter sprake bring (vgl Boers 1982: 2 v). 'n Dominante tema van Paulus dwarsdeur die brief, waarin hy besondere moeite doen om die geloof van die Christen in die 'heilshistoriese geloof van Israel' te inkorporeer (Boers 1982: 8), figureer ook in hoofstukke 9—11. Die Christen se geloof is nie 'n nuwe begin nie. Hy is ingeënt op die mak olyf en leef uit die lewensap van die mak olyf se wortel (11: 17). Die koördinate van die kerk se bestaan is God se verbond met Israel en sy ontferming, ook vir die heidene. Dit sou nie onredelik wees om hieruit af te lei dat die dieptestruktuur van hoofstukke 9—11 die tema 'die verbond met Jode, heidene en kerk' is nie. Tog is die hart van hierdie hoofstukke dié gedeelte wat ook sentraal op die oppervlakte staan. Die hartklop van die gedeelte sal by 9: 30 – 10: 21 gevoel word.

Die struktuur van hoofstukke 9—11 word deur 9: 30 – 10: 21 bymekaar gehou. Ook die Jode sal nie anders as deur geloof in Jesus Christus

gered word nie (9: 33; 10: 4; 10: 9 vv; 10: 12(!)). Christus bring nie 'n nuwe verbond vir die heidene nie – ook hulle word gered deur die geloof in Jesus Christus, Hy wat die verbond van God met Israel bevestig het.

Die dieptestruktuur van Romeine 9–11 dra ook by tot die verwysing van die stam *ele-*. Dit is 'n optrede van God wat lei tot die verbond. Bultmann (1960: 480) het daarop gewys dat *éleos* alleen in die heilshistoriese uitsprake op die voorgrond tree en dat die begrip na God se heilshistories-eskatologiese daad in Christus verwys.

Hierdie verband waarin die begrip ontferm optree, is ook die dieptestruktuur van Romeine 9–11. Die gedeelte 9: 30 – 10: 21 is nie alleen wat die oppervlak betref, sentraal nie, maar is ook die saaklike fokuspunt van hoofstukke 9–11. Só gesien is die gedeelte Romeine 9–11 nie 'n verbandlose ekskursie van Paulus nie, maar is dit 'n integrale deel van die makrostruktuur. Van hoofstuk 1 af beklemtoon Paulus dit telkens dat daar nie onderskeid tussen Jood en heiden is nie – 'almal het gesondig en is ver van God af' (3: 23; vgl Boers 1982: 7). In 9–11 kom 'n ander 'geen onderskeid' ter sprake – die 'geen onderskeid' in Christus: 'dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word' (10: 13). Hierdie 'geen onderskeid' wat sonde betref, en die 'geen onderskeid' in Christus is dus antitetiese parallelle wat in die makrostruktuur inpas by die antitetiese tipologie wat Paulus trek tussen Adam en Christus (vgl Barrett 1962: 20 vv; Käsemann 1980: 151 vv).

'n Belangrike faset van Romeine se dieptestruktuur is duidelik deur Boers (1982: 6 v) aangetoon. Die heiden-Christene moet onthou dat hulle net-net gered is. Vanuit hierdie hoek is daar koördinasie tussen 2: 4–11 en 11: 18–24. In altwee gedeeltes word die heiden-Christen dus vermaan: Moet jou nie verhef nie. Alhoewel Paulus sy vermaning aan die heiden-Christene onderstreep, is die Jode-Christene nie uitgesluit nie (2: 17 vv; Boers 1982: 7).

'n Verdere element in die dieptestruktuur van hoofstukke 9–11, en trouens die hele brief, is dat God se verbond met Israel en die genade van God oor die heidene koördinate van God se heilshandeling met die mens is. Die begrip *éleos* lewer 'n wesenlike bydrae om die gedagte te onderstreep dat hierdie ontferming in Jesus Christus Jood en heiden raak. Die begrip *éleos* lewer verder ook 'n bydrae tot 'n basistema van die brief. Die Christen se geloof word uit dieselfde stam gevoed as wat Israel gevoed was. Boers (1982: 8) druk dié gedagte só uit: 'Die Christen

staan nie eksistensieel op sy/haar eie nie, maar voed *heilsgeschichtlich* op die sap wat die geloof van Israel onderhou.'

### 3.2.1.1 *Éleos* in die dieptestruktuur van Romeine 9–11

Die begrip ontferm lewer sy bydrae tot die dieptestruktuur van die konteks. In die eerste plek word beklemtoon dat die Christen se geloof nie 'n nuwe begin is nie. Die geloof van die Christen is geïnkoporeer in die geloof van Israel. In die tweede plek word dit duidelik gemaak dat Jood en heiden sal leef vanuit God se ontferming in Christus Jesus en dat Jood en heiden nie anders as deur die geloof deel kry aan hierdie ontferming nie. In die kerk wat uit Jode en Christene bestaan, word God se ontferming geprys. Hieruit volg dit in die derde plek dat daar 'geen onderskeid' tussen Jood en heiden is nie. In die vierde plek beklemtoon die begrip *éleos* dat God deur sy ontferming oor die kerk op pad is na Israel (11: 33–36); vgl Louw 1979: 117).

### 3.3 Romeine 15: 7–13

In afdeling 3.2.1.1 is daarop gewys dat die begrip 'n bydrae lewer tot die dieptestruktuur van die Romeinebrief. Die dieptestruktuurtema dat die geloof van die Christen nie 'n nuwe begin is nie, maar geïnkorporeer is in die geloof van Israel speel ook 'n belangrike rol in 15: 7–13.

Die verwysingsraamwerk van die stam *ele-* in 9–11 is ook dié van 15: 7–13. Paulus gebruik die begrip ontferming konsekwent in die Romeinebrief. Dit word veral duidelik wanneer hy dié begrip konsekwent met dieselfde motiewe vervleg. Een van die opvallendste motiewe in albei gedeeltes is dat Christus sy kerk uit Jode en heidene aangeneem het. Die koördinate van hierdie aanneming is God se betroubaarheid en sy ontferming. Ook 15: 7–13 beklemtoon 'n tema van 9–11, naamlik dat God nie die genadegawes wat Hy eenmaal geskenk het of sy roeping terugtrek nie. 'n Verdere motief wat in 9–11 en 15: 7–13 voorkom, is dat God se ontferming uitloop op lof en eer aan Hom.

Alhoewel al die motiewe wat in 9–11 aan *ele-* verbind is, dus nie in 15: 7–13 weer herhaal word nie, is daar genoeg gemeenskaplike elemente in die twee gedeeltes aan die begrip ontferm verbind dat gesê kan word dat Paulus in die Romeinebrief rondom dié begrip samehangend gedink het.

### 3.3.1 Die Jode en die heidene

Die verhouding tussen die Jode en die heidene word soms gesien teen die agtergrond van 'n universele heilsbelofte aan die mensheid (Dabelstein 1981: 107).

Güttgemanns (1971: 98) beklemtoon die verhouding tussen Jode en heidene (9–11) daarenteen baie anders. Volgens hom kan die Ou-Testamentiese motief van God se verbondstrou nie as verstaansagtergrond vir 9–11 ingevoer word nie. Romeine 9–11 staan eerder onder die tema van 1: 16 v. In 9–11 is van God se verbondstrou sprake, maar dan sy trou teenoor die nuwe verbond, 'n verbond wat die ou verbond nietig verklaar.

Daar sal eers noukeuriger na Güttgemanns se vooronderstelling gekyk word, omdat hier belangrike beginsels vir begripsondersoek na vore kom. Die eerste eksplisiete stelling van Güttgemanns (1971: 79) is dat die sinkroniese linguistiek 'n saaklik-metodiese voorrang het bo die diakroniese linguistiek. Hiermee word in hierdie studie saamgestem. 'n Tweede vooronderstelling is egter van net soveel belang. Hoe dominant is 'n motief of 'n motiefkompleks in die geheel van die Romeinebrief? Alhoewel Güttgemanns nie eksplisiet hierdie vooronderstelling ondersoek nie, gaan hy tog van 'n vooronderstelling uit dat 'n motiefkompleks die Romeinebrief sistematies domineer. Die gevolg is dat die kompleks geregtigheid van God, deur die geloof in Christus, ook 9–11 so domineer dat daar nie in hierdie gedeelte sprake kan wees van die Ou-Testamentiese motief van God se verbondstrou nie (Güttgemanns 1971: 98).

Dat die verharde Jodedom op die punt staan om verlos te word, is nie 'n heilshistoriese postulaat uit die 'ter wille van die vaders' en uit die beskrywing van die heilsbeloftes (9: 4 v) nie. Die gebeurtenis is veel eerder postulaat uit die absolute geldigheid van 'uit die geloof'. Güttgemanns kan tot hierdie gevolgtrekking kom omdat hy 'n beginpunt aanvaar het waaruit hy Paulus se teologie rekonstrueer. Sanders (1977: 434 vv) het die gevolge van 'n aanname van 'n beginpunt in die rekonstruksies van Paulus se teologie by Bultmann en sy volgelinge, by Käsemann en by Stendahl, duidelik uitgewys. Deur verskillende beginpunte te aanvaar, het hierdie drie rekonstruksies by onversoenbare resultate uitgekom. Alhoewel Güttgemanns (1971) steeds noukeurig sinkronies werk en van hieruit Käsemann en sy volgelinge se resultate kritiseer, dra sy eie 'beginpunt' sterk by tot sy uiteindelike resultate.

In 15: 7–13 staan ou verbond en nuwe verbond nie teenoor mekaar nie en tree die geloof as motief glad nie op die voorgrond nie. Hier tree

God se betroubaarheid en sy ontferming op die voorgrond. In plaas van die geloof figureer Christus se aanneming van die gemeente en God se betroubaarheid hier uitdruklik. Die motiewe geregtigheid van God en God se soewereiniteit (*dóxa*) speel as versonke motiewe 'n rol.

Die resultate wat onder meer deur die aanvaarding van 'n beginpunt verkry is, sal gekontroleer moet word. 'n Aanvaarbare kontrole sal bestaan uit 'n intensiewe toets van hierdie resultate aan gedeeltes dwarsdeur die Romeinebrief om vas te stel of 'n bepaalde resultaat konsekwent deur die brief ondersteun word.

Word daar teenoor Güttgemanns, onder andere, aanvaar dat Paulus nie vanuit 'n 'beginpunt' as dominant gedink het nie, maar dat sy teologie eerder organies verstaan moet word, bots Paulus se beklemtoning van èn die geloof, enkeling en antropologie èn universalisme en geregtigheid as magsdaad nie. Güttgemanns (1971: 98) is reg as hy beklemtoon dat daar waar sprake is van die verharde Jodedom die 'geloof alleen', die 'genade alleen' en die 'Christus alleen' 'n belangrike rol sal moet speel. Hy is ook reg as hy sê dat die verlossing van die verharde Jodedom 'n vanselfsprekende afleiding uit die tema 'uit die geloof' is en daarom verbind is aan die temas 'Woord van Christus' en 'verkondiging'. Güttgemanns (1971: 98) is egter verkeerd as hy sê dat rondom Paulus se denke oor die verharde Jodedom die tema 'verbondstrou' nie in berekening gebring moet word nie. Juis die begrip ontferming maak dit duidelik dat Paulus naas die bogenoemde temas rondom die Jode ook die temas verbond, God se betroubaarheid en God se ontferming ter sprake bring. Juis rondom die wortel *ele-* tree die geloof en daarmee die enkeling in 15: 7–13 op die agtergrond. Juis omdat Paulus organies dink, staan temas rondom geloof en enkeling en temas rondom verbond en uitverkiesing nie teenoor mekaar nie (EP Sanders 1977: 446).

### 3.3.2 *Éleos* in die konteks van 15: 7–13

Die sintaktiese aansluiting van 15: 9 by 15: 8 kan verskillend verstaan word. Dikwels word dit so gesien dat 15: 9 afhanklik is van 'sodat die beloftes aan hulle vaders waar gemaak kon word'. Dan het die koms van Christus na Israel toe beteken dat die beloftes aan die vaders bekragtig is èn dat die heidene God prys (vgl Wilckens 1982: 106; Louw 1979: 136 v). Wilckens (1982: 106) maak 15: 9 van *legō̄* in 15: 8 afhanklik. En dit maak dit vir hom moontlik om 15: 9 uit te brei met die gedagte

dat Christus ook tegelykertyd 'n dienaar van die onbesnedenheid geword het (vgl Pelser 1982: 116).

'n Derde moontlikheid word in hierdie studie gevolg en dit is dat 15: 8 en 15: 9 afhanklik is van veral *proselábeto* in 15: 7. Christus het Jode en heidene tot sy gemeente aangeneem. Wat die Jode betref, het dit duidelik geword toe Hy ter wille van God se betroubaarheid 'n dienaar vir Israel geword het en daarmee die beloftes aan hulle vaders bekragtig het. Omdat Christus egter ook die heidene aangeneem het, prys hulle God vir sy ontferming. God se ontferming is die parallel van sy betroubaarheid. God se betroubaarheid figureer op die vlak van Israel en sy ontferming op die vlak van die heidene. Die heiden-Christene prys God, nie omdat Hy die betroubare God teenoor Israel was nie, maar omdat Christus vanweë God se ontferming ook die heidene aangeneem het. Die *dè* in 15: 9 dui daarop dat hierdie aanneming verrassend is. Romeine 15: 7–13 pas dus in die makrostruktuur van die brief, waar Israel 'n besondere eerste plek beklee (vgl 3.1). Die koördinate van Christus se aanneming van sy gemeente *(humas)* is God se betroubaarheid teenoor Israel en sy ontferming teenoor die heidene. Romeine 1: 16 se 'in die eerste plek vir die Jood, maar ook vir die nie-Jood' word dus ook hier in 15: 7–13 gehandhaaf. Ook in die geval van *éleos* in 15: 9 het 'n element uit die makrovlak van die retoriese struktuur 'n bydra tot dié woord se verwysing gelewer.

Paulus sê in 15: 7–13 dat die gemeente bestaan omdat Christus die gemeente aangeneem het. Die Jode is aangeneem omdat God betroubaar is en sy beloftes aan hulle vaders bevestig het. Die heidene was in hierdie verbond van God nie ter sprake nie. Tog het Christus hulle ook aangeneem, en dít slegs omdat God Hom oor hulle ontferm het. Die gemeente bestaan omdat God soewerein betroubaar en ontfermend gewees het. Die eenheid van die gemeente het in Christus werklikheid geword toe Jode en heidene God geprys het. Die eenheid van die gemeente het 'n werklikheid geword toe ook heidene deur die nakomeling van Isai regeer is en hulle hulle hoop op Hom gevestig het. Hierom moet swakkes en sterkes, Jode en heidene in die gemeente mekaar aanvaar. Hierdie aanvaarding sal 'n erkenning wees van God se soewereiniteit wat duidelik word in sy betroubaarheid en ontferming.

Die Romeinebrief verleen nie steun aan Mans (1969: 84) se opvatting dat 'die uitverkiesing van die heidene ingesluit (is) in die verkiesing van Israel' nie. In 15: 7–13 beklemtoon die begrip ontferming veral dat God deur 'n soewereine daad deur Christus ook die heidene as sy gemeente aangeneem het.

In 15: 7–13 funksioneer hierdie begrip veral in samehang met Paulus se Christologie. Dat Christus ook die heidene aangeneem het, word in 15: 12 beklemtoon. Hierdie vers is die klimaks van Paulus se aanhalings waarin hy beklemtoon dat Israel God dank, dat Israel en die heidene hulle in God verheug en dat die heidene God loof.

### 3.4 Die stam *ele-* en Pauliniese universalisme

Die vervlegting van die stam *ele-* met die Christologie en met die vrae rondom Jode, heidene en die kerk, bring die Pauliniese universalisme ook ter sprake wanneer na die begrip ontferm gekyk word. Die bedoeling in hierdie paragraaf is nie om vanuit 'n selfontwerpte gestolde opvatting oor universalisme vrae aan Paulus te vra nie. Die opskrif van hierdie paragraaf gee slegs uitdrukking aan die feit dat saam met die stam *ele-* daar ook telkens in die Romeinebrief sprake is van die omvattendheid van God se ontferming. In 9: 14–18 speel die begrip ontferm 'n versonke, maar besliste rol in die bekendmaking van God se Naam oor die hele wêreld. Die giastiese konstruksie van hierdie gedeelte (Louw 1979: 100) is 'n aanduiding dat die klem op die soewereine vrymag van God se ontferming val. Dit is juis God se soewereine ontferming wat uitloop op die bekendmaking van sy Naam oor die hele wêreld.

In Romeine 11: 25–36 gee *pas/pánta* uitdrukking aan die vervlegting van die geskiedenis van Israel met die geskiedenis van die heidene (Dabelstein 1981: 105). Die begrip ontferm onderstreep die vervlegting van Jode en heidene. Ook die Jode sal nou nie anders gered word as die heidene nie. Ook die Jode sal alleen deur die ontfermende toewending van God gered word. Die redding van almal (Jood en heiden) en hulle redding op dieselfde manier is dus komplimentêr (10: 12 v; 11: 32).

Daar is reeds (3.2) aangetoon dat die stam *ele-* en *doxázō* ook wat die dieptestruktuur betref, verbind is. Hierdie verbinding blyk ook uit die gemeenskaplike Pauliniese universalisme wat aan albei begrippe verbonde is. Die omvattendheid van God se ontferming moet (vgl die imperatiewe in 15: 10, 11) op die omvattendheid van die lof aan God uitloop. Hierdie omvattendheid van God se lof word in 9: 17 beklemtoon deur die 'oor die hele wêreld', in 11: 36 deur die tydsformule *eis toùs aiōnias* en in 15: 9–11 deur die feit dat die Jode en die heidene en 'al die volke' die Here loof.

Die begrip ontferming dra dus by om die regverdiging in die Romeinebrief 'n omvattende karakter te gee. In die Romeinebrief is daar nie net bloot sprake van God se gawe aan die enkeling nie (vgl Käsemann

1972: 132 v). Die omvattende horison van die gedeeltes 1: 18 – 3: 20; 5: 12 vv; 8: 18 vv; 9–11 verbied dit. Veral in 9–11 dra die begrip ontferming by om die omvattendheid van God se genadedaad te beklemtoon.

Die klem op Paulus as sistematiese komprehensiewe teoloog, èn die klem op die regverdiging deur die geloof as die sentrale tema in dié teologie, het tot gevolg dat sommige teoloë die enkeling meer as die omvattende trekke in Paulus se teologie beklemtoon. Dit is veral die geval in die werk van Bultmann, Bornkamm en Conzelmann (Sanders 1977: 435).

Teen hierdie tendens om die enkeling tot sleutel vir die verstaan van Paulus te maak, het Käsemann (1972: 117) hom verset en hy stel dat die enkeling nie 'n dominante rol speel in die verwysing van die term geregtigheid van God nie, en dat dié term verder nie uitsluitlik teen die agtergrond van die antropologie verstaan moet word nie. Hierdie stelling van Käsemann aanvaar 'n mens graag. Bornkamm (1970: 156) beskuldig Käsemann daarvan dat in sy siening van Paulus se teologie die gekoördineerde verhouding van God se geregtigheid en geloof in die agtergrond terugsak. Hierdie beswaar lyk net so aanvaarbaar. Die navorser bevind hom dus in die eienaardige posisie dat hy neig om twee opponerende standpunte toe te gee (vgl Sanders 1977: 438). Die navorser kan nie 'n keuse maak nie omdat hy saam met die standpuntstellers aanvaar dat Paulus 'n sistematiese teoloog is.

Indien daar egter aanvaar word dat Paulus organies en nie sistematies dink nie, is die hele kwessie individueel of universeel nie meer só dringend nie. Onder organies word verstaan dat Paulus logies-sluitend redeneer. Die verskillende motiewe in sy argument word egter nie sistematies gerangskik nie. Hiermee word bedoel dat hy nie vanuit een motief dink nie. Een motief domineer nie die makrostruktuur nie en bepaal ook nie die onderlinge verband tussen motiewe nie. Alhoewel Paulus se motiewe nie los brokstukke is nie, is daar nie 'n relatiewe verband tussen al sy motiewe nie. Sy teologie kan dus nie vanuit 'n enkele motief getipeer word nie. Dit is verkeerd om Paulus se denke as òf individualisties òf universalisties te tipeer. Wanneer hy rondom geloof die enkeling benadruk en rondom die eenheid van die gemeente die omvattendheid van Christus se werk, is Paulus nie inkonsekwent nie. As organiese denker is daar 'n samehangende eenheid in sy denke, maar samehang moet nie so verstaan word dat die beklemtoning van een motief die beklemtoning van 'n teenoorgestelde motief in 'n nuwe konteks uitsluit nie. Dat Paulus organies dink, beteken dat hy samehangend redeneer. Dit hou ook in dat hy soms relatief redeneer – een

element kan in verhouding tot ander 'n groter rol speel. Paulus dink egter nie so sistematies dat een element altyd as versonke motief sy hele teologie domineer nie (vgl 2.1).

Die omvattende word in Romeine 15: 7–13 nie ten koste van die enkeling beklemtoon nie. Paulus bring die enkeling eenvoudig net nie in fokus nie, omdat hy 'n paranetiese oogmerk met die gedeelte het. Hy wil juis die eenheid van die gemeente beklemtoon en die opdrag tot eenheid hierdeur na vore bring. Omdat Paulus organies dink, staan enkeling en universeel nie in een of ander ondergeskikte verhouding tot mekaar nie. Hy beklemtoon eenvoudig telkens een van die aspekte waar dit nodig is om aan sy betoog steun te verleen.

### 3.4.1 Gekwalifiseerde universalisme

Die belofte waarvan sprake in 15: 8 is, word soms as 'n universele heilsbelofte aan die mensheid gesien (Dabelstein 1981: 107). Die universalisme in 15: 7–13 is egter gekwalifiseerd. Dit is belangrik om te onthou dat dié gedeelte die sluitstuk is van 'n vermanende gedeelte wat alreeds by 13: 8 begin. Die gemeente word vermaan om mekaar te aanvaar omdat Christus hulle aanvaar het. Die klem lê op die opdrag tot eenheid. Toe Christus die gemeente aanvaar het, het die Jode-Christene God se betroubaarheid ervaar *(alētheia)* en die heiden-Christene God se ontferming *(éleos)*. Die verbondenheid van God se betroubaarheid aan die verbond *(peritomē, epangelía)* maak dit duidelik dat dit in 15: 8 nie gaan om 'n heilsbelofte aan die mensheid nie, maar om God se betroubaarheid teenoor sy verbondsbeloftes. Die kwalifikasie van die omvattendheid van Christus se 'neem van die gemeente by Hom' *(proselábeto,* 15: 7) in Romeine 15 weerspieël die volgorde (vgl Boers 1982: 4, 6) van 1: 16: in die eerste plek vir die Jood, maar ook vir die nie-Jood. Die toespitsing van Paulus se argument in 15: 7–13 is nie op 'n universele belofte aan die mensheid nie, maar op die eenheid van die kerk. Die kerk is deur Christus aangeneem toe Hy die beloftes aan die vaders bevestig het en toe die heiden-Christene deur God se ontferming die kerk ingebring is. Hierdie toespitsing stem ooreen met die toespitsing van Paulus se argument in 9–11 waar die klem ook uiteindelik lê op die eenheid van die gemeente wat deur God se ontferming geroep is (vgl 3.1).

## 4. IMPLIKASIES VIR DIE VERHOUDING KERK-JODE

Die term *hupèr eléous* funksioneer binne die verwysingsraamwerk van

Christus se aanvaarding van die gemeente waarvan die koördinate God se betroubaarheid teenoor Israel en sy ontferming teenoor die heidene is. Hierdie ontferming van God is 'n nuwe en verrassende daad van God. Aangesien hierdie ontferming van God Christus se aanneming van die heidene is, hou dit verband met God se betroubaarheid teenoor Israel wat duidelik geword het toe God sy beloftes wat hy aan die vadere gegee het, nagekom het.

Die implikasies wat die begrip vir die verhouding tussen die kerk en die Jode het, is die volgende: Die kerk kan nooit op homself roem nie – ook nie teenoor die Jode nie. Daar is kontinuïteit tussen die kerk en die Jodedom. Hierdie kontinuïteit spruit uit die geloof van die kerk dat Christus wat die beloftes aan Israel bevestig het omdat God betroubaar is, ook die heidene tot sy gemeente aangeneem het omdat God ontfermend is. Dit beteken egter nie 'dat die kerk stroom-af staan in dieselfde tradisie as die Jodedom van Jesus se tyd ...' nie (*Die Hervormer* 1985: 13). Die Jodedom van Jesus se tyd ontken dat Christus die beloftes van God aan hulle vadere bevestig het ên hulle ontken dat God Hom oor die heidene ontferm het toe Christus ook die heidene tot sy gemeente aangeneem het. Uit hierdie geloof van die kerk en die ontkenning van die Jode het twee godsdienste gegroei wat só verskil dat selfs met die beste wil ter wêreld nie gesê kan word dat die een 'stroom-af' ten opsigte van die ander lê nie. Die totale patroon van dié godsdienste behoort by 'n vergelyking in aanmerking geneem te word.

Die Jode glo nie in die God wat teenoor hulle betroubaar was toe Hy die beloftes aan hulle vadere bevestig het nie. Daarom glo hulle nie in die God van die kerk nie. Dit beteken dat die kerk aan die Jode sal verkondig. Hierdie verkondiging mag nie hovaardig, konfronterend en paternalisties wees nie. Die kerk moet nie probeer om 'n indruk op die Jode te maak deur te 'vermeld dat ons nie wil beweer ons weet alles van God' nie (*Die Hervormer* 1985: 13). Die boodskap van die kerk moet verkondig word teen die agtergrond van die belydenis dat die heidene 'ook maar net' gered is en dit alleen omdat God soewerein ontfermend is.

Die godsdienspatroon van Paulus word bepaal deur sy strukturering van die Teo-logie. Hierdie strukturering is wat die Jodedom betref, 'n nuutstrukturering. Die implikasies hiervan vir die godsdienspatroon van Paulus is wat die verkondiging betref, ook 'n nuutstrukturering in vergelyking met die Jodedom. Om hierdie rede verkondig Paulus steeds die evangelie ook aan die Jode. Die inhoud van hierdie evangelie word deur sy Teo-logie bepaal. Hier lê die klem nie op die vraag of

die God van die kerk 'n ander God is al dan nie. Die klem lê eerder op die soewereiniteit van God in sy betroubaarheid teenoor Israel en sy ontferming oor die kerk toe Christus Jode en heidene aangeneem het. Vir die verkondiging van die kerk aan die Jode hou dit in dat die klem nie sal val op die wat die kerk nie van God weet nie (vgl *Die Hervormer* 1985: 13), maar op God se soewereine ontferming in Christus oor Jode en heidene.

**Literatuurverwysings**


BARRETT, CK 1962. *From first Adam to last.* London: A & C Black.

BOERS, H 1982. The problem of Jews and Gentiles in the macro-structure of Romans. *Neotestamentica* 15, 1–11.

BORNKAMM, G 1970. *Paulus.* Stuttgart: Kohlhammer.

BULTMANN, R 1960. sv *éleos*, in *ThWNT* II, 479–83.

DABELSTEIN, R 1981. *Die Beurteilung der 'Heiden' bei Paulus.* Frankfurt: Lang.

DAHL, NA 1951. Two notes on Romans v. *StTh* 5, 37–48.

DE VILLIERS, JL 1982. The salvation of Israel according to Romans 9–11. *Neotestamentica* 15, 199–221.

*DIE HERVORMER* Mei 1985. Die Christen se gesprek met die Jood, bl 1 en 13.

DODD, CH 1959. *The epistle of Paul to the Romans.* London: Collins.

GUTHRIE, D 1981. *New Testament introduction.* Leicester: Invervarsity.

GÜTTGEMANNS, E 1971. 'Gottesgerechtigkeit' und Strukturale Semantik, in *Studia Linguistica Neotestamentica.* München: Kaiser.

KÄSEMANN, E 1961. Gottesgerechtigkeit bei Paulus. *ZTK* 58, 367–78.

KÄSEMANN, E 1972. *Paulinische Perspektiven.* Tübingen: Mohr.

KÄSEMANN, E 1980. *An die Römer.* Tübingen: Mohr.

LOUW, JP 1979. *A semantic discourse analysis of Romans, Volume II: Commentary.* Pretoria: Department of Greek, University of Pretoria.

MANS, CJ [1969]. Rondom kerk en Israel. *HTS* 26/1, 2, 70–108.

MICHEL, O 1963. *Der Brief an die Römer.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

PELSER, GMM 1982. Doxa in die Romeinebrief, in *Die kerk in die wêreld: 'n Bundel opstelle aangebied aan prof dr AD Pont by sy 25-jarige ampsjubileum.* Pretoria: HAUM.

RÄISÄNEN, H 1983. *Paul and the law.* Tübingen: Mohr.

SANDERS, EP 1977. *Paul and Palestinian Judaism.* London: SCM.

SNYMAN, AH 1984. Style and meaning in Romans 8: 31–9. *Neotestamentica* 18, 94–103.

STUHLMACHER, P 1966. *Gerechtigkeit Gottes bei Paulus.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

WILCKENS, U 1978. *Der Brief an die Römer (Röm 1–5).* Zürich: Benziger.

WILCKENS, U 1982. *Der Brief an die Römer (Röm 12–16).* Zürich: Benziger.